

Skriflesing: Openbaring 20: 1 - 15

Teks: **Openbaring 20: 2-3**

Sing: **VOORAF SANG- Ps. 87: 1, 2**

TYDENS EREDIENS- Ps. 139:1, 2; Ps. 32:1,4; Ps. 68:13; Sb.15-1 (43):4

Openbaring 20: 1- 15

Rev 20:1 Toe het ek 'n engel uit die hemel uit sien kom met die sleutel van die onderaardse diepte en met 'n groot ketting in sy hand.

Rev 20:2 Hy het die draak, die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan is, gegryp en hom vir duisend jaar vasgebind.

Rev 20:3 Hy het hom in die onderaardse diepte gegooi, dit toegesluit en dit bokant hom verseël sodat hy nie meer die nasies kan verlei voordat die duisend jaar om is nie. Daarna moet hy 'n klein rukkie losgelaat word.

Rev 20:4 Toe het ek trone gesien en die siele van die mense wat onthoof is omdat hulle aan die getuienis van Jesus en die woord van God vasgehou het. Hulle het op die trone gaan sit, en aan hulle is die bevoegdheid gegee om as regters op te tree. Dit is hulle wat nie die dier en sy beeld aanbid het nie en nie die merk op die voorkop en op die hand aanvaar het nie. Hulle het lewend geword en saam met Christus duisend jaar lank geregeer.

Rev 20:5 Dit is die eerste opstanding. Die ander dooies het nie lewend geword voordat die duisend jaar om was nie.

Rev 20:6 Geseënd en heilig is dié wat aan die eerste opstanding deel het. Oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom die duisend jaar lank regeer.

Rev 20:7 Wanneer die duisend jaar om is, sal die Satan uit sy gevangenskap losgelaat word.

Rev 20:8 Dan sal hy gaan om die nasies wat tussen die vier uithoeke van die aarde is, die Gog en Magog, te verlei, en om hulle byeen te bring vir die oorlog. Hulle is so baie soos die sand van die see.

Rev 20:9 Hulle het oor die hele oppervlakte van die aarde aangekom en die laer van die gelowiges en die geliefde stad omsingel. Toe het daar vuur van die hemel af gekom en hulle verteer.

Rev 20:10 Die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swael gegooi, daar waar die dier en die vals profeet ook is. Hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.

Rev 20:11 Toe het ek 'n groot wit troon gesien en die Een wat daarop sit. Die aarde en die hemel het voor Hom padgegee, en daar was nie meer plek vir hulle nie.

Rev 20:12 Ek het die dooies, groot en klein, voor die troon sien staan, en die boeke is oopgemaak. Daar is ook 'n ander boek oopgemaak, dit is die boek van die lewe. Die dooies is toe geoordeel volgens wat daar in die boeke geskrywe staan oor alles wat hulle gedoen het.

Rev 20:13 Die see het die dooies teruggegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dooies teruggegee wat in hulle was, en oor elkeen is geoordeel volgens wat hy gedoen het.

Rev 20:14 Toe is die dood en die doderyk in die vuurpoel gegooi. Dit is die tweede dood, die vuurpoel.

Rev 20:15 As daar gevind is dat iemand se naam nie in die boek van die lewe geskrywe staan nie, is hy in die vuurpoel gegooi.

Skriflesing: Openbaring 20: 1 - 15

Teks: **Openbaring 20: 2-3**

Sing: **VOORAF SANG- Ps. 87: 1, 2**

TYDENS EREDIENS- Ps. 139:1, 2; Ps. 32:1,4; Ps. 68:13; Sb. 15-1(43):4

Geliefde gemeente in ons Here Jesus Christus, ons het in hierdie reeks uit Openbaring al dikwels beklemtoon dat elke hoofstuk in Openbaring moet altyd in 'n wyer verband gelees word. As ons vandag kom by Openbaring 20 geld presies dieselfde reël. Die onmiddellike verband waarin ons dié hoofstuk plaas, is Openbaring 19. Daar waar ons by Nagmaal was. Dan moet ons tegelyk die hoofstuk lees in die verband van die res van Openbaring en natuurlik op die einde in die verband van die hele Bybel, God se Woord.

By Nagmaal was Openbaring 19 die pragtige aankondiging van God se bruilofsfees en bruilofsmaal wat op pad is. Ons het raakgesien dat die pragtige simboliek wat in die ou tyd rondom die huwelik van man en vrou sou geld maak God ook op Homself van toepassing.

'n Huwelik in die ou tyd het sy binding gekry daar waar man en vrou verloof geraak het. Daar is baie ernstiger na 'n verlowing gekyk as hoe ons vandag 'n verlowing sien. Met die verlowing was alreeds beloftes afgelê, die bruidsprys was reeds betaal, die seën van die Here is reeds oor hierdie komende huwelik afgesmeek. Alles alreeds met die verlowing vasgemaak. En dan het daar 'n lang tyd verloop voordat die huwelik nou werklik 'n volkome huwelik kon wees. Hierdie lang tyd tussen verlowing en die werklike huwelik is genoem die tussentyd. En die dag as die werklike huwelik gebeur dan het daardie ander groot dinge in plek gekom. Die man, die bruidegom het met 'n hele gevolg die bruid by haar huis gaan haal. Hy neem haar in sy huis, in sy lewe in en dan het hulle ook feesgevier soos ons vandag ná 'n huwelik 'n onthaal mag hou maar die onthaal het dae lank aangehou. Dikwels langer as sewe dae. Dit was juis by so 'n huweliksonthaal waar Jesus sy eerste wonderwerk gedoen het toe hy water in wyn verander het.

Al hierdie dinge maak God ook op ons van toepassing in sy verhouding met ons, sy Kerk. Christus het met sy eerste koms, sy lewe vir sy Kerk gegee. Hy het in die simboliek van Openbaring 19 aan sy Kerk verloof geraak. Hy het met sy bloed betaal. Hy is dan as “Verloofde” van sy Kerk weer terug na die hemele, sy tuiste. Ons hier op aarde is verloof aan Hom maar die huwelik kom nog. Die finale koms van ons Bruidegom moet nog plaasvind. Ons kan in 'n sekere sin dit stel dat alles in hierdie laaste dele van Openbaring is deel van die voorbereiding tot hierdie laaste koms van ons Bruidegom. Die kerk moet by wyse van die beeld in Openbaring 19 vers 8 aan haar trourok werk, aan haar trourok bly werk. Openbaring 19 is daarmee besig, beslis ook vandag in Openbaring 20.

In Openbaring 19 is daar mos eintlik twee feeste, soos ons weet Openbaring werk ook met twee vroue, die slegte vrou, die prostituut van Openbaring 17 wat die wêreld met haar hoerery diep en ingrypend besoedel, ja so 'n groot deel van die wêreld wat deur haar meegesleur gaan word. Op politieke gebied, op ekonomiese gebied, in die vervoer en die kommunikasiewese, niks ontkom aan haar hoerery nie. Die slegte vrou se teendeel is die vrou van Openbaring 12, die Kerk wat

pragtig rondom 'n vrouefiguur afgeteken staan. Die vrou in die woestyn, die vrou wat moet vlug, die vrou in haar swaarkry maar heelyd beskerm God haar. Hy gee haar twee vlerke waarmee sy die woestyn kon invlug, al is sy so swak en blootgestel, in die wêreld se oë is die Kerk 'n patetiese figuur maar God het Hom aan haar gebind. Openbaring 12 se vrou en Openbaring 19 se vrou vorm 'n pragtige kombinasie. Die vrou wat die hemelse Hallelujas, maar ook die aardse Hallelujas kan beluister, sy is die vrou, die bruid wat haar mag gereedmaak vir die groot bruilofsmaal wat aan die kom is.

Openbaring ken duidelik twee soorte vroue maar ook twee soorte stede. Die wêreld met sy Babilon, die stad uit die aarde aards, die slegste van alle stede se bymekaarkomplek, ja dis die die slegte vrou se hoerstad, haar hoofstad. Openbaring 18 beskryf hierdie stad in geen onduidelike terme nie. Tog weet ons Openbaring 21 gaan ook in geen onduidelike taal 'n ander stad aan ons wil toon, die stad van God, die nuwe Jerusalem. Sy is weer vroulik, die stad word selfs ook genoem 'n bruid wat vir haar man versier is. Twee vroue, twee stede, maar het ons Openbaring 19 moes lees in die lig van twee feeste. Die bruilofsfees van die lam, maar was ons ook by die fees van die ongenooies in Openbaring 19:17 - *“Kom, kom bymekaar vir die groot feesmaal wat God gereed maak! 18 Kom eet die vleis van die konings, die vleis van die opperbevelhebbers, die vleis van die magtiges en die vleis van die perde en hulle ruiters, ja, die vleis van allerhande mense: vryes en slawe, klein en groot.”*

Dis 'n bisarre fees so in kontras met die fees wat die Here besig is om vir sy Kerk voor te berei. Dis geen bruilofsfees nie, maar dis 'n fees van roofvoëls wat gulsig en vraatsig hulle wat God hulle nie meer kan uitstaan nie, gaan opvreet. Die roofvoëls uit Openbaring 18 vers 2 slaan toe op hierdie fees in Openbaring 19: *“Geval, geval het die grote Babilon. Dit het die blyplek van die bose geeste geword, die skuilplek van alle onrein geeste, die skuilplek van alle onrein roofvoëls en die skuilplek van alle onrein en afskuwelike diere ...* Met hierdie gulsige fees gebeur daar iets baie groot met Satan se handlangers, die antichris en die valse profeet. Dis asof die feestelikheid hulle insluk. Openbaring 19 lees ons vers 20- *20 Die dier is toe gevange geneem en saam met hom ook die vals profeet wat die wondertekens vir die dier gedoen en daarmee die mense mislei het wat die merk van die dier aanvaar en sy beeld aanbid het. Hulle twee is lewend in die vuurpoel gegooi wat met swael brand.* Die antichris en die valse profeet kom tot 'n groot

val, maar wat van hulle grootste bondgenoot, Hy wat die Satan is. Openbaring 20 noem hom by 4 name, die draak, die slang van ouds, die duiwel, die satan, wat gebeur met hom – 'n Engel uit die hemel het gekom en Satan gegryp en vir duisend jaar vasgebind. Nog meer ingrypend- vers 3 - 3 *Hy het hom in die oneraardse diepte gegooi, dit toegesluit en dit bokant hom verseël sodat hy nie meer die nasies kan verlei voordat die duisend jaar om is nie. Daarna moet hy 'n klein rukkie losgelaat word.*

Die simboliek wat met die satan gebeur is besonder ryk in aansluiting met wat met sy handlangers in Openbaring 19 gebeur het. Na satan self word in ryke simboliek verwys, na wat met hom gebeur staan aan die hand van 'n afgryslieke put, 'n oneraardse diepte, 'n groot afgrond waarin hy gegooi en vasgemaak word, m.a.w. dat hy gebind is, is ook simboliek en hoe lank hierdie binding gaan dien, kan ook nie anders as simbolies verstaan word nie.

Die name wat Satan hier genoem word, gryp dadelik terug na Genesis 3. Trouens die einde van Openbaring wat eindig met 'n tuin en 'n stad en die begin van Genesis wat begin met 'n tuin is iets wat ons in die afhandeling van die reeks al meer na kan uitsien. Nou nog is die slang daar, direk in aansluiting met die slang van ouds wat Adam en Eva tot sonde verlei het. Ons lees die slang word ook draak genoem. Dit weer in aansluiting by Openbaring 12 se draak wat 'n groot stert dra, sewe koppe, tien horings, sewe krone. Niks kan hier letterlik opgeneem word nie, maar simbolies verwys die draak na 'n kragtige, vreesaanjaende bese gestalte. Wanneer Openbaring 20 oor satan praat dan is hy ook die lasteraar teen God. Die naam *duiwel* beteken letterlik *lasteraar*.

Dan sien ons hierdie eerste persoon van die antichristelike drieheid in hierdie wêreld, ja satan se vernietiging word nie so radikaal en vinnig beskryf en afgehandel soos sy twee handlangers nie. Nee, met hom gebeur dinge wat direk met sy helpers se vernietiging ook gaan gebeur, maar dis asof die Here spesifiek die satan se mag en boosheid net nog met groter besonderhede aan die lig wil bring, want waar satan is, is ene duisternis.

Ons sien dit wat satan gaan gebeur, 'n sterk engel uit die hemel gryp hom, weer simbolies, en hy word met 'n ketting gebind en in die afgrond gegooi. Ons het die 1983 vertaling gelees dat hy is

in 'n onderaardse diepte gegooi, daar toegesluit en bokant hom is dit verseël *sodat hy nie meer die nasies kan verlei voordat die duisend jaar om is nie. Daarna moet hy 'n klein rukkie losgelaat word.* Die 2020 Vertaling praat van 'n onpeilbare diepte en die engel bind hom met 'n swaar ketting. Die Grieks is wel hier ook belangrik- die woord vir hierdie onderaardse diepte, of put of afgrond, is die Griekse *abussos* (ἀβύσσου) waar die Engelse woord *abyss* vandaan kom, wat letterlik beteken iets wat bodemloos is. Dis een aanmekeer val, daar is nie einde nie, daar is geen bodem nie. Van hierdie afgrond word daar twee maal in die eerste twee verse van Openbaring 20 gepraat. Dit is iets van 'n voorlopige hel waarin hy geplaas word. Dis satan se bewaarplek. In die Grieks staan die poel van vuur met die woord *limne*, die Engelse vertaal dit met 'n iets van 'n groot meer van vuur, hulle noem dit 'n *lake*.

Openbaring 9 se eerste verse kan ons sekerlik ook nie losmaak van dit wat vandag in Openbaring 20 gebeur nie. Alles gebeur net in 'n ander orde. Johannes sien daar 'n ster uit die hemel val wat niemand anders is nie as die satan self. Hier het satan self 'n sleutel waarmee hy die skag na die ondergrondse dieptes kon oopmaak. En uit daardie dieptes doen satan afgryse dinge. Daar swerm sprinkane daaruit, die son is deur die rook uit hierdie onderaardse diepte verduister, die lug het donker geword. By die blaas van die vyfde trompet was ons al daarvan bewus dat daar is geweldige magte en kragte waarbinne satan sal opereer en hy verskriklike dinge gaan regkry.

By Openbaring 11 vers 7 was ons ook ingelei op afgryse onmeetbare diepte – waar die dier uit die diepte gaan opstaan. Openbaring 11 waarsku ons *7 Wanneer hulle egter hulle getuieis klaar gelewer het, sal die dier wat uit die onderaardse diepte uit kom, teen hulle oorlog maak, hulle oorwin en hulle doodmaak ...* Satan se verdeeldheid en diepgang gaan verskriklike afmetings aanneem. Hy gaan die kerk van die Here geweldige skade aandoen, waar bloed en tranes en dood alreeds sulke groot dele van ons afgelope 2000 jaar se kerkgeskiedenis bevestig.

Openbaring 20 het vandag dit weer bevestig ná die binding gaan die satan 'n klein rukkie losgelaat word. Die Grieks gebruik hier die woord *λύω* wat net mooi die teenoorgestelde proses van bind aandui. Dit wat goed vasgemaak was, word nou losgemaak.

Ons wil vandag glo, al is daar ander gereformeerde rigtings wat hierdie duisend jaar se binding weer ander vertolk, hulle wat meer 'n letterlike betekenis hierin plaas, maar ons glo al is die wêreld so 'n verskriklike plek, tog is Satan wel gebind. As die duiwel in die wêreld heeltemal los moes wees, hoe verskriklik sou die wêreld dan nie wees en dan nie word nie. Daar kom wel 'n tyd, wanneer weet ons nie, wat hy 'n klein rukkie losgelaat gaan word. Of ons dalk aan die begin daarvan staan kan ons ook nie bevestig nie, dit kan wel wees. Die ander gereformeerde rigting wat wil glo die duiwel is nou wel heeltemal los, ons verwys na hulle as die *chiliaste*, die woord *chilias* hou verband met die Griekse woord vir duisend *chilioi*, hulle glo dat hierdie duisend jaar iets van 'n baie mooier tyd op aarde sal wees as wat ons besef en bely.

Ons neem kennis van die mense, soos Totius se pa, ds. SJ du Toit, ook Totius se halfbroer, ds. CWM du Toit, was almal chiliaste, wat in een van die twee rigtings (dalk is daar ook al weer meer?) wat die chiliaste hulleself in voeg. Eenvoudig gesê dis mense wat glo daar kom 'n “messiaanse tussenryk”, of ander praat van 'n toekomstige bedeling, veral die twee Du Toits, weer in aansluiting by gerespekteerde werke in Nederland wat die Voortrekkers ook naby hulle leer wou staan, soos Bilderdijk, om uit Nederland uit die *Réveil* maar een-een voorbeeld te noem.

In hoofsaak lees die mense Openbaring 20 baie meer letterlik as wat ons dit wil doen. Daarom glo hulle dat daar letterlik op hierdie aarde 'n vrederyk gaan aanbreek, waar die laaste van die onvervulde profesieë uit die Ou Testament eers vervul sal moet word. Daar waar ons lees van die leeu en die lam wat bymekaar sal lê, om maar een voorbeeld te noem. Onthou hierdie is 'n baie vereenvoudiging van hulle leer wat ek hier bied. Hulle leringe kan nogal ingewikkeld en omvattend raak hoe dieper hulle die Ou-Testamentiese profesieë na vore wil bring. Om hulle in die wêreld as belaglik af te maak, kan so maklik gebeur, wees maar versigtig om van die mense 'n karikatuur te maak, terwyl ons nie regtig aan hulle leringe altyd reg kan geskied nie. Ons gereformeerde sinodes, in die vroeg 20ste eeu, het nie om ligtelike redes die vroeëre *gereformeerde kerke onder die kruis*, wat almal chiliastiese gemeentes was, wel onder ons vlerk wou neem nie.

Ons wat wel van die chiliaste verskil, sien dat Satan is woelig maar hy is nie los nie. As satan sy eie wil ten volle sou kon laat geskied dan het hy lankal reeds die Kerk van Christus volkome kon

vernietig. Christus se verlowing aan sy Kerk het eintlik Satan in bande gelê, daar het hy gebind geraak. God is besig om sy Kerk en sy getal vol te maak. Uit alle volke, tale en nasies moet bymekaarkom wat bymekaarhoort, om vir Christus uit alle eeue 'n ware Kerk te wees en te wil wees. Die evangelie moet die pad deur die hele wêreld kan loop, al verder versprei word, al dieper mense se harte en lewens indring. Dit is hoe God vir satan aan bande lê en dis hoe God sy koninkryk nou reeds op aarde vestig. Satan daarenteen is wel uit die ondaardse dieptes besig, gedagtig aan Openbaring 9 en 11, om die ongelowige wêreld, met die hulp van die dier uit die see (die antichris) en die dier uit die aarde (die valse profeet) om Christus se bruid aan te val en te wil vernietig.

Christus bind Satan nog, ja vir 1000 jaar, wat ons soos al die ander getalle in Openbaring simbolies plaas. Die goddelike Drie-eenheid laat die volheid van getalle nl. tien, 0 tot 9 is tien syfers, in sy eenheid, tot ons in sy Drie-eenheid spreek, dan is 10X10X10 tog wel 1000. Maal dit weer met die ander simboliek van 12X12 (12 stamme uit Israel, in aansluiting by die kerk van die apostels, hulle moes ook aanvanklik 12 wees, wat die fundamente vir die Nuwe Testamentiese kerk moes neerlê) dan is ons weer by 144 000 wat ook in Openbaring 'n ryk simboliese getal is. So bou ons vandag nog op die fundamente van die apostels waarvan Christus die Hoof en die Hoeksteen is, op Hom moet ons bou soos die apostels ons geleer het.

Ons sluit vandag Openbaring 20 eers af, waar ons volgende keer weer die hoofstuk sal wil lees, met die besef, ons leef in genadetyd maar dis ook werkyd. Ons werk aan ons trourok, ons moet voorbereid wees vir die finale koms van Christus. Satan is gebind om die kerk ruimte te gee, om te groei, waar daar baie afvalliges is, hulle wat sê hulle is deel van die kerk, maar hulle is dit nie werklik nie. Ons moet ook snoei om te groei. 'n Ware Kerk moet tug toepas, net soos die ware Kerk, die Woord moet bly verkondig en die beker uit God se hand nie mag weier nie. Deur die doop, deur die Nagmaal verkondig ons die dood van Christus totdat Hy weer kom. Hoe geseënd is die mens wat weet waaroor die ware Kerk gaan, want met 'n gestolde kerkbegrip het ons wêreldwyd baie probleme. Dit ly na die tyd wat Satan los raak.

AMEN